# DIE BRIEF AAN DIE HEBREËRS

## Deur my lens

# Hebreërs

## Geskrywe deur die onbekende skrywer

## MY EIE VOORWOORD

**Die Bybel of soos ek dit noem, skriftuurlike woord, moet my lewe vorm en moet ook van my leefwyse getuig. Daardeur hoor ek die stem van God in die Woord en leer ek hoe om Christus prakties te volg en te leef. Om die Bybel of die Woord so te lees, dat dit my beïnvloed en my transformeer, is Lectio Divina - *Geestelike of Goddelike lees.***

**LEES:**

**Raak eers net stil dalk met 'n stil gebed en dink aan wat die laaste 24 uur gebeur het. Dank God vir die goeie en gee Hom die slegte om vir my daarmee te handel (natuurlik makliker gesê as gedoen).**

**Lees die gedeelte in die Woord soos dit aangetoon word. Fokus op wat my tref of reaksie dalk veroorsaak in my gedagtes. Gewoonlik lees ek dan weer die vers om te kyk of die reaksie van gedagte reg geassosieer kan wees.**

**LUISTER:**

**Ek kies die een gedagte wat my geraak het en dink daaroor na, ek dink veral oor die praktiese betekenis daarvan vir my en dan pas ek geestelike waarde daaraan toe. Dan dank ek God daarvoor en antwoord Hom sommer in gebed daaroor. Baie kere raak ek net stil en gebruik 'n paar oomblikke om in Geestelike teenwoordigheid van die Gees te wees , soms sonder woorde , ander kere begin ek met hom te gesels oor sommer alles, wat moet ek doen of hoe los ek 'n probleem op, ens.**

**LEEF:**

**Ek het begin om die WOORD in praktyk te leef. Dit is vir my geskryf en om te hoor en te sien en te glo en te doen en te lag en te huil met Vrede, Liefde, Blydskap, Genade, Getrouheid (soms nie), Nederigheid, Vriendelikheid (ek lyk nors), Goedhartigheid en probeer Selfbeheersing (ooeefff!), om deel te wees aan die liggaam van Christus en om GOD te dien in Gees en Waarheid.**

# HEBREËRS

**GESKRYWE DEUR DIE ONBEKENDE SKRYWER. Anoniem geskryf.**

**Die brief geskrywe aan die Hebreërs , is die 19de boek in die nuwe testament. Die brief is gerig aan 'n groep Joodse Christene om hulle te waarsku teen verslapping en afvalligheid. In die tyd van verdrukking moet die Christene volhard in die geloof, soos bekende gelowiges uit die Ou Testamentiese tye, die oog gevestig op Jesus Christus, die Begin en Voleinder van die geloof.**

**Ons Konkordans sal meer besonderhede oor die geskiedkundigheid van die boek en sy geskiedenis met nodige agtergrond voorsien, "Mark my words".**

**HOOFSTUK 1**

## 'n Finale openbaring eers deur verskeie mense en maniere met die volk gespreek nou finaal deur sy Seun (Heb 1:1-2)

**Heb 1:1** Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die Vaders deur profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun.

*Vraag : Dink gou vir 'n oomblik hoe spreek Hy vandag in jou en my lewe? Kyk hoe belangrik is vers 1 in my lewe.*

*(Kruis verwysings)*

**Num 12:6** Hoor tog my woorde. As julle profete van die Here is, sal ek deur 'n gesig My aan hom bekend maak – Ou Tyd – Vandag gebruik Hy die mense waarin Hy 'n woning gemaak het.

**Efe 2:20-22** Gaan dan heen en maak dissipels en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle geleer het.

**Mat 28:19** Gaan maak dissipels… leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Vraag: *Is dit waar ek vandag staan in my lewe, met my eie dissipelskap?*

**Heb 1:1** God het nou sy seun deur wie Hy nou direk met en na ons spreek.

**Heb 1:2**. Sy erfgenaam – Deur wie Hy die wêreld geskape het.

**Heb 1:3**. Ewebeeld van die wese van God is, Alle dinge dra deur die woord van Sy krag – So Jesus hou die heelal bymekaar. (**3b**.) Nadat hy deur die kruis dood, ons van sonde bevry – Gereinig het. Het God hom verhoog tot aan Sy regterhand van God.

**Heb 1:4**. Jesus die enigste wat vir ons verlossing kon bring en verhewe is bo die Engele.

**Heb 1:5**. God sê U is my Seun, ek sal vir jou 'n Vader wees. Sien dat die skrywer van Hebreërs ook **Ps 2:7** net so gebruik "U is my Seun vandag het Ek self gegenereer".

**Heb 1: 6-7**. Al die Engele sal Hom aanbid.

Die wat die boodskappers winde maak en van sy dienaars vuurvlamme. (sien **Ps 104:4**) aangehaal deur skrywer.

**<u>Heb 1:8-12</u>** U troon vir ewig – Koninkryk, 'n Regverdige septer. U het Geregtigheid Lief en Haat onregverdigheid, Jesus is gesalf deur God met Vreugde Olie bokant alle Engele. Hy gee hom dus die Messias Status (**<u>Ps 110:1</u>**).

**<u>Vers 12</u>**: Mense sal verander maar Jesus U nie, U jare het geen einde. (13) Jesus het die hoogste gesag, sit aan die regterhand van God – God self sê Hy sal al die vyande – Jesus se voetbank maak. (14) Die taak van die **Engele is Dienende Geeste – <u>uitgestuur vir diens ter wille van die wat die saligheid sal beërwe</u>**, Ewige lewe in Gees en Waarheid. Die Lig, Vrede, Blydskap, Geregtigheid, Sagmoedig, Goedheid. Jesus bring verlossing en die werking van Engele. Die Engele wat vir **ewige**

## <u>OPSOMMING Hoofstuk 1</u>

God praat deur middel van sy Seun (1 -4)

Die Seun is hoër as die engele (5-14)

## <u>Kruis verwysing van Hoofstuk 1</u>

Num 12:6-8; Gal 4:4; Heb 9:26; Ps 2:8; 2 Kor 4:4; Rom 8:17; Joh 1:3; Joh 1:14; Kol 1:17; Heb 9:14; Ps 110:1; Efe 1:21; Fil 2:9; Ps 2:7; 2 Sam7:14; Rom 8:29; Gen 28:1-32:1; 2:24; Luk1:19; 2:9-13; Hand 12:7

**HOOFSTUK 2**:

**Opskrif: Jesus Christus Seun van God bo die Engele, Ons Hoëpriester wat met ons medelye het oor ons swakhede.**

**Heb 2:2-8** Woorde deur Engele gepredik wat daar in onwankelbaar was en regverdige vergelding ontvang het, by Jesus Christus en God.

Hierdie 'n bewys dat Engele ook die woord van God verkondig **"Regverdige Vergelding Ontvang".**

Die Here spreek tot ons deur die Woord en so kom God deur sy wonderwerke en tekens en allerhande kragdade en bedieninge van die Heilige Gees volgens Sy wil. **Lees Heb 2:2-4 weer, dit gee so 'n kragdadige getuienis van die werking van God in en deur mense.**

**(3) 'n Waarskuwing** dat die mense wat die getuienisse van die engele, die Seun, Heilige Gees **verontagsaam** en wat God verwerp of nie aanneem nie, **die oordeel nie sal vryspring nie.**

**Heb 2:8-10** Die Seun van God verneder, (9) Jesus wat vir 'n kort tydjie minder as die Engele gemaak is. Sodat ons gered kon word, vanweë Sy lyding en dood, **Het Hy alles volbring**. Hy is met heerlikheid en eer gekroon, sodat Hy deur die genade van God – Die dood oorwin en die ewige lewe vir ons kom bewerkstellig.

(10-18) Die bewerker van ons verlossing, die vlees en bloed, wat Hy ook deelagtig was en oorwin het, die dood **(vleeslike dinge en begeerlikheid teen die gees) die duiwel** kom verslaan en oorwin.

**Vraag: "Hy het alles volbring": Het ek dan ook nou volkome redding wat my die ewige lewe gee ?**

## Opsomming Hoofstuk 2

Skenk meer as gewone aandag (1-4

Alles aan Jesus onderwerp (5-9)

Jesus en sy broers (10-18)

Vernaamste Leier deur wie redding sal kom (10)

'n Genadige Hoëpriester ( 17 )

## Kruis verwysings Hoofstuk 2

Hand 7:53; Heb 10:28-29;12:25; Mar 1:14; Luk 1:2; Hand 5:12; Hand 2:22; Ps 8:5-7; Efe 1:22; Fil 3:21; Joh 17.2 2Tim1:10 1Kor 8:6

**HOOFSTUK 3**:

Opskrif: Christus groter as Moses,  waarskuwing teen ongeloof en ongehoorsaamheid.

Deur Jesus se getrouheid roep Hy ons tot getrouheid, **Let dan op wat noem God jou as jy getrou bly in geloof.**

**Heb 3.1**: **Heilige Broeders, Deelgenote van 'n Hemelse roeping** (Geestelike) let op die Apostel en Hoëpriester van onse belydenis Christus Jesus!

**(6) en ons is sy huis**- as ons onwrikbaar vas hou in die geloof.

(12) Hy vermaan ons om nie 'n ongelowige hart (twyfel) van God afvallig te raak nie. Soos van ouds het die volk ook nie getrou aan God gebly nie **(Ps 95:7-11**) was hardkoppig en opstandig, eie wil en begeertes, aanvallig geword (eie vreeslikheid bewerkstellig) en kon dus nie rus in gaan nie.

(13) Ons moet mekaar **daagliks vermaan**, dat ons nie deur verleiding van die sonde ons harte sal verhard nie, pasop vir enige vorm van verbittering in my hart teenoor enige naaste.

**Vraag: Watter tipe van vermanings voel jy sou jy daagliks dalk aan jouself wou rig.**

**Opsomming van Hoofstuk 3**

Jesus groter as Moses ( 1-6 )

Alles deur God gebou ( 4 )

Waarskuwing teen gebrek aan geloof ( 7-19 ) "Vandag as julle Sy stem luister" (7-15)

**Kruis verwysings Hoofstuk 3**

Fil 3:14; Joh 20:21; 1 Tim 6:3; Mat 16:18; Ex 16:18; Rom 5:2; Hand 1:16; Rom 7:11; en Ex14:31

**HOOFSTUK 4**:

**Heb 4:1** Beloofde rus vir die wat bly glo.

(2) aan almal word die Evangelie verkondig maar by sommige wat hoor maar **het nie geloof daarin nie**; Hulle gaan dus nie die rus ontvang nie, die kroon van oorwinning nie of ontvang nie ewige lewe nie. Die konsep van rus, gee betekenis dat alles is klaar voltooi en volhard en dit was en is goed. Verwys dus verder aan God het werke voltooi en sewende dag gerus.

(11) Laat ons dan beywer om in te gaan die rus, ons taak is om nie ongehoorsaam aan die word van God te wees nie, sonder geloof , en sodoende die ewige rus mis nie.

(12) Die woord is 'n tweesnydende swaard. Sny beide kante – Sny tot lewe en sny tot dood. Sny tussen Gees en Vlees – Siel en Gees.

Hy sny deur my gedagtes van my hart. Is my hart besig met ongehoorsaamheid of nie?

As die woord of gedagtes sê dit is sonde dan sny die swaard. Want die oordeel bring ek dus oor myself.

Sien ook **JOH 8:14-22**: Julle oordeel volgens die vlees.(om te bly in sonde).

Christus oortref die Hoëpriester – Hy is versoek in alle opsigte – Hy ken dus alle versoekinge en daar deur by die genade troon kan ons die barmhartigheid ontvang… **as ons gehoorsaam bly.**

**Vraag: Waarin is jou grootste ongeloof; wat sukkel jy om te glo; wat is jou grootste struikelblok?**

**Opsomming van Hoofstuk 4**

Gevaar as iemand nie in God se rus ingaan nie ( 1-10 )

Aansporing om God se rus in te gaan ( 11- 13 )

God se woord is lewend ( 12 )Jesus die groot Hoëpriester ( 14-16 )

**Kruis verwysings Hoofstuk 4**

Heb 12:15; Ps 95:11; Gen 2:2; Open 6:11; Joh 12: 48; 1Pet 1: 23; 1 Kor 14:25; Heb 7:26

**HOOFSTUK 5**:

(5) Christus het homself nie verheerlik om Hoëpriester te word nie – God het gesê U is my Seun vandag het ek U gegenereer (geskape) – U is die Priester **vir ewig** volgens orde van Melgisédek.

(7) **Hy is geoffer** – Hy het vlees, gebede en smeking, sterk geroep en trane aan hom geoffer.

(8) Al was Hy die Seun, het Hy gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het.

(9) Hy vir almal wat Hom **gehoorsaam** is, 'n bewerker van ewige saligheid geword.

Vraag: Wanneer en wat is die voorwaarde van gehoorsaamheid?

**Heb 4:7** Vandag as julle Sy stem hoor verhard nie jou hart nie.

Vraag: Wanneer leer ons gehoorsaamheid en wanneer het jy iets wel as voorbeeld geleer van gehoorsaamheid.?

**Heb 5:8 Hy, al was Hy die Seun het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely** het, en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal **WAT HOM GEHOORSAAM IS** ,'n bewerker van ewige saligheid geword

**Waarskuwing:** Heb 5:12 Ons behoort nou al leraars te wees maar is traag. Ons het melk nodig want ons is **onervare in die woord**. Maar vaste spys is vir volwassenes vir die Geestesvermoëns besit deur **gewoonte geoefen** om goed van kwaad te onderskei, ook vlees en gees en dood en lewe.

**Vraag: Wanneer is jou oefentyd, om jou geestesvermoëns te oefen?**

**Opsomming van Hoofstuk 5**

Jesus hoër as menslike Hoërpriesters ( 1-10)

'n Priester soos Melgisedek(6-10)

Gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het (8)

Verantwoordelik vir ewige redding (9)

Waarskuwing teen onvolwassenheid (11-14)

**Kruisverwysings: Hoofstuk 5**

Heb 8:3; Lev 4:3; Mar 14:36; Mat 27:46; Ps 110:4; Joh 8:54; en Num 16:5

**HOOFSTUK 6**:

**Heb 6:1** Moenie bly by die begin van prediking aangaande Christus nie. Ons moet nie bly by die begin nie, maar aanbeweeg na die volmaaktheid van die leer van die doop – Die handoplegging van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel. Dit is onmoontlik om die wat een maak verlig was – en afvallig geword het, deur hulself die Seun van God kruisig en openlik tot skande maak- deur ongehoorsaam te bly terwyl Jy weet Jy doen alles teen die woord, gees en waarheid.

**Heb 6: 8** Die saad beland tussen dorings en dissels – Vervloeking wat tot verbranding lei.

**Heb 6: 9** God ken ons dade en is nie onregverdig nie, maar dat ons ywer sal wees om tot volle sekerheid van die hoop tot die einde van die waarheid van die woord, dus nie twyfel nie.

**Heb 6: 13** God hou sy belofte aan Abraham en nageslag tot stand en 'n bewys dat Hy ''n onveranderde God is.

**Heb 6: 17** Hy anker hierdie hoop, ons lewe met 'n eed, gewaarborg in ons rus in ewige lewe,

**Heb 6: 20** waar Jesus ons voorloper is.

**VRAAG: Wat word bedoel met "om afvallig te word"?**

**Opsomming van Hoofstuk 6**

Werk hard om geestelik volwasse te word (1-3)

Die wat afvallig word , hang die Seun weer aan 'n kruis (4-6)

Sorg dat julle hoop seker is ( 9-12)

Sekerheid van God se belofte (13-20)

God se belofte en eed onveranderlik (17-18)

**Kruis Verwysings Hoofstuk 6**

Heb 9:14; Hand 9:14; Joh 4:10; Gen 22:17; Luk 1:73; Gen 22:16; Mat 10:42; Rom15:25; 2 Tim1:18; Ps 65:10-11

**HOOFSTUK 7**:

Die uitnemendheid van Jesus se Priesterskap (**Heb 7:11-28**).

**Heb 7: 21** Jesus wat deur eed van God 'n Priester geword het,

**Heb 7:22** waarborg 'n beter verbond

**Heb 7:24** en vir ewig sal bly en nie sal oorgaan na 'n ander persoon,

**Heb 7:25** daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.

**Heb 6:26-28** Enige middelaar wat vir ewig volmaak is.

**Vraag: Is ek en jy deel daarvan?**

Opsomming van Hoofstuk 7

Melgisedek ,unieke koning en priester (1-10)

Christus se priesterskap beter (11-28)

Christus is in staat om ten volle te red (25)

**Kruisverwysings Hoofstuk 7**

Gen14:18; Num 18:21,26; Rom 4:13; Gal 3:16; Gal 2:21; 2Kron31:4-5

**HOOFSTUK 8**:

Die uitnemende bediening van Jesus, ons Hemelse Hoëpriester

**Heb 8:1-6** ‘n beter ewige verbond.

**Heb 8:7-13** Die uitnemendheid van die nuwe verbond .Sien getuig God het ‘n ander verbond

Jeremia 31:31-41

**Heb 8 : 10** God sluit nou nuwe verbond met die huis van Israel.

**VRAAG: Hoekom was dit dan nou nodig dat God nog ‘n verbond moet sluit?**

Opsomming van Hoofstuk 8

Tabernakel is ‘n afbeelding van hemelse dinge (1-6)

Ou en nuwe verbond (7-13)

**Kruisverwysings Hoofstuk 8**

Heb 3:1; Ps 110:1; Efe 5:2; Kol 2:17; Ex 25:40; Heb1:1; Jer 31:31-34; 2Kor 5:17

**HOOFSTUK 9**:

Die offer van Jesus Christus was een maal en was voldoende (volbring).

**Heb 9 : 14** Die bloed van Christus wat Homself deur die ewige gees aan God sonder sonde geoffer het ons gewete gereinig van dooie werke om die lewende God te dien.

**Heb 9 : 27** Soos die mense bestem is om een maal te sterwe en daarna die oordeel.

**Heb 9: 28** so sal Christus ook, nadat Hy een maal geoffer is om die sondes van baie weg te neem, vir die tweede maal sonder sonde verskyn aan die wat Hom verwag tot saligheid.

**Vraag:** Verwag jy Hom nog of het Hy al vir jou verskyn? Ken jy Hom?

## Opsomming van Hoofstuk 9

Heilige diens in aardse heiligdom ( 1-10 )

Christus gaan in die hemel in met sy bloed ( 11-28 )

Middelaar van nuwe Verbond ( 15 )

**Kruisverwysings Hoofstuk 9**

Ex 35:36; 2Kron 26:19; Ex 25:18; Lev 16:2; Num17:10

**HOOFSTUK 10**:

**Heb 10: 1-6** Christus se volmaakte offer

**Heb 10 : 7** Toe het ek gesê – Kyk en Kom – in die boekrol is dit van my geskrywe – om U wil te doen O God.

**Heb 10 : 17** En aan hulle sondes en oortredinge sal ek nooit weer dink nie. Vermaning om in geloof te volhard

**Heb 10 : 19** Terwyl ons dan broeders nou die vrymoedigheid het om in die Heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus, Broeders die waarskuwing om nie die Evangelie doelbewus te verwerp nie

(**Heb 10:26-39**)

**Heb 10 : 25** Moenie die onderlinge byeenkomste nie versuim nie, soos sommige die gewoonte het nie maar vermaan mekaar.

**Heb 10 : 24** en laat ons mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke oor te gaan.

**Heb 10 : 38** die regverdige sal uit die geloof lewe. (39) Volhard in die geloof tot behoud van die lewe.

Vraag: Wat is onderlinge byeenkomste?

**Opsomming van Hoofstuk 10**

Diere offers ondoeltreffend (1-4)

Die Wet is 'n skaduwee (1)

Christus se offerhande vir eens en altyd (5-18)

Nuwe en lewende weg (19-25)

Moenie onderlinge byeenkomste verwaarloos of misloop nie (24-25)

Waarskuwing teen opsetlike sonde (26-31)

Vertroue en geloof te volhard (32-39)

**Kruisverwysings Hoofstuk 10**

Kol 2:17; Lev16:21; Miga 6:6-8; Ps 40:7-9; Joh 17:19; Rom 6:10; Num28:3; Ps110:1

**HOOFSTUK 11**:

**Vraag :** Wat is geloof?

(1) Die geloof is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van dinge wat ons nie sien nie.

**Heb 11: 3** Deur die Geloof verstaan ons dat die wêreld deur die word van God toeberei is, sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan het uit sienlike dinge nie. Wat was voorbeelde van ware geloof.

4. Deur die geloof Abel beter offer as Kain

5. Deur die geloof is Henog weg om dood nie te sien nie.

6. Deur die geloof het Noag 'n ark gebou.

7. Deur die geloof het Abraham getrek na ander land.

11. Deur die geloof het Sara, oor haar leeftyd – het sy gebaar

**Heb 11 : 17**. deur die geloof was Abraham bereid om sy seun te offer.

Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag, want Hy wat tot God gaan moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat hom soek.

**Heb 11 : 39** Maar almal wat deur die geloof gehandel het kon nie die belofte verkry nie.

**Heb 11 : 40** omdat God oor iets beter oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie.

Naslaan:

Lees **Heb 11:1-40** en sien hoeveel getuienisse daar gegee word "oor deur die geloof" deur watter omstandighede hulle moes gaan selfs die dood

**Heb 11: 38** "Die wêreld was hulle nie werd nie"

**Vraag:** Deur die geloof – Wat roep jy op? – Gebeurtenis wat jy kan getuig van?

**Opsomming van Hoofstuk 11**

Definisie van geloof (1-2)

Voorbeelde van geloof (3-40)

Sonder geloof onmoontlik om God se goedkeuring te kry (6)

**Kruisverwysings Hoofstuk 11**

Joh 8:56; 2 Kor 4:8; 2 Pet 3:5; Gen4:4; Opg 21:14; Gen12:8; Gen 17:19; Jak2:21

**HOOFSTUK 12**:

**Heb 12 :1** Terwyl ons so groot wolk van getuienis rondom ons het, laat ons elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop wat voor ons lê.

Ons fokus op Jesus, die leidsman en voleinder van die geloof.

Dit laat mens dink aan 'n lang wedloop, oë gefokus op die voorste hardlopers – om nie te struikel en te val nie, die doel is om wedloop te voltooi en dan oor wenstreep te kom met dalk trane van pyn en seer – maar groter die vreugde van voleinder – ek het die wedloop voltooi.

**Heb 12 : 5** Hy waarsku ons dat, Ons het die vermaning vergeet

**Heb 12: 6** selfs tugtig die Here hom wie hy liefhet, rede sodat ons nie verlore moet gaan nie – maar 'n vol-einder kan word.

**Heb 12: 9** Ons Vaders na die vlees as kastyders gehad en ontsag vir hulle gehad, nou moet ons veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees en lewe nie,

**Heb 12 : 10** sodat ons sy heiligdom deelagtig kan word.

**Heb 12 : 11-14** Nou vir oomblik mag jy verdrukking of tugtiging ervaar en mis ons blydskap en is selfs mismoedig en in droefheid – die belofte egter bly gestand. Dit lewer egter vredevolle vrug van geregtigheid vir almal wat daar deur geoefen is.

**Heb 12: 12** Rig slap hande op, lam knieë weer op.

**Heb 12: 14** Jaag vrede na met almal en die Heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie. In hierdie gedeelte word ons gelowiges as **gemeenskap in vrede te leef**, **om heilig te wees**, om op God se **genade te wag en te vertrou.**

**Vraag:** Heb 12:1 Daarom dan terwyl ons so 'n groot wolk van getuienis om ons het? Watter wolk is dit? Sien ook Heb 1:14

**Opsomming van Hoofstuk 12**

Jesus die vernaamste leier van ons geloof (1-3)

Groot wolk van getuienis (1)

Moenie God se dissipline verwerp nie (4-11)

Maak reguit paaie vir voete (12-17 )

By die hemelse Jerusalem gekom ( 18-29)

**Kruisverwysings Hoofstuk 12**

2 Kor7:1; 1 Kor1:8; 1 Pet1:11; Mat 10:24; Joh15:20; Spr 3:11-12; Jes35:3; Gal 6:1; Rom 14:19

**HOOFSTUK 13**:

Verskillende voorskrifte Praktiese Vermanings, Voorskrifte. Broederliefde moet bly!

**Heb 13 : 2** Vergeet nie gasvryheid nie, daardeur sonder om te weet, al engele gehuisves.

**Heb 13:4** Laat die huwelik in alle opsigte eerbaar wees en besmet die bed nie, want God sal hoereerders en egbreker oordeel.

Nie geldgierigheid hê nie.

**Heb13:5** Wees tevrede met wat jy het, want God ek sal jou nooit begewe nie en jou nooit verlaat nie.

**Heb 13:6** Wees vrymoedig – Die Here is my helper wat sal 'n mens aan my kan doen? Ek sal nie vrees nie.

**Heb 13:7** Gedenk aan jou voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het. (Ek dink ook aan **Efe 6:2-4** Eer jou Vader en jou Moeder. Dit is 'n gebod)

**Heb 13 : 8** Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. So ook God en die Heilige gees en so ook **die liggaam van Christus waarvan jy 'n deel of ledemaat is.**

Moenie rond geslinger word deur allerhande vreemde leringe nie. Ons het 'n altaar waarvan die wat buite die poort gely.

Laat ons uitgaan na hom toe buitekant die laer en sy smaad dra.

**Heb 13 : 15** Bring gedurig aan God 'n lof offer, dit is die vrug van die lippe wat Sy naam bely. Vergeet die weldadigheid en mededeelsaamheid nie want God het 'n welbehae in sulke offers.

**Waak vir julle siele** as diegene wat rekenskap moet gee, dit is **jou verantwoordelikheid** en doen dit in **blydskap.**

**Bid vir ons.**

**Hou 'n goeie gewete.**

**Wandel in alles Goed.**

**Vraag: Wat beteken die woord "Voorskrif " vir jou? Wat skryf die word in Hebreërs vir jou voor??**

**Opsomming van Hoofstuk 13**

Laaste aansporing en groete (1-25)

Moenie gasvryheid vergeet nie (2)

Huwelik moet eerbaar wees (4)

Gehoorsaam aan die wat leiding neem (7,17)

Bring 'n lof offer(15,16)

**Kruisverwysings Hoofstuk 13**

**Rom 12:10; Joh 3:10; Gen18:3; Rom 12:15; Efe 5:20; 1 Thess 3:2; Joh 10:11; Hand2:24**

Deur my lens, is daar baie goeie teksverse wat ek in Hebreërs vir myself uitlig, gaan lees gerus en kyk watter verse jy vind wat met jou spesifieke omstandighede praat. Onthou more mag hy dalk anders wees as vandag, maar dit is hoe ek die Heilige Gees ervaar met my werk.

***Heb 1:1* Dat God nou se tyd spreek tot ons deur sy Seun.**

***Heb 1:14* Engele dienende geeste uitgestuur ter wille van die wat die saligheid sal be-erwe.**

***Heb 3:1* Daarom Heilige broeders, deelgenote van die hemelse roeping let op die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis Jesus Christus,**

***Heb 6:4* Dit is onmoontlik om vir die wat eenmaal verlig geword het en die hemelse gawe gesmaak het, en die Heilige Gees deelagtig geword het, en dan weer afvallig geraak het, om te bekeer nadat ons die Seun weer kruisig.**

***Heb 10:19* Terwyl ons dan, broeders ,vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus.**

***Heb 11:6* Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag.**

***Heb 12:1* Daarom dan ,terwyl ons so groot wolk van getuienis rondom ons het, met volharding die wedloop voltooi.**

***Heb12:11 Nou lyk elke tugtiging op die oomblik nie 'n saak van blydskap is nie, maar van droefheid ; LATER lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is.***

***Ek hoop en glo dat julle die boek van Hebreërs geniet het, en dat daar waarlik waarde en sielsvoedsel vir elkeen was. Kom ons beoefen dan ook ons geloof daagliks daarin.***

**Soos ALTYD "BLESSINGS"**